SWARTLAND Pre-Primêre Skool
Pre-Primary School

h/v PG Nelson & Hospitaalstraat
c/o PG Nelson & Hospital Street
Malmesbury
7299

Tel: 022 482 3140
Email: info.swartlandpp@gmail.com
Web: www.swartlandpp.co.za

*Die regte grondslag gee ons vlerke / The right foundation give us wings*

# TOELATINGSBELEID

# Swartland Pre-Primêre Skool

## 1. Registrasie van die Skool

- Swartland Pre-Primêre Skool is geregistreer by die **Wes-Kaap Onderwysdepartement (WKOD)** sowel as by die **Departement van Sosiale Ontwikkeling (DSD)**.
- Die skool voldoen aan die vereistes van die **Nasionale Kurrikulum**.
- In die **Graad R-klasse** word die **KABV (CAPS)-kurrikulum** aangebied.
- Die **Pre-Graad R** en **Toddler-klasse** werk volgens die **Kinderland-program**.
- Swartland Pre-Primêre Skool is 'n **onafhanklike skool** en behou die reg om toelating te beheer.
- Die skool maak voorsiening vir leerders tussen die ouderdomme **2 en 7 jaar**.

### Klasgroottes

- Toddler-klas (2 – 3 Jariges): maksimum **15 leerders**
- Pre-Graad R: maksimum **30 leerders**
- Graad R: maksimum **33 leerders per klas**

---

## 2. Skoolfondse

- Swartland Pre-Primêre Skool is 'n **skoolfondsheffende skool** en betaling van skoolgeld is **verpligtend**.
- Ouers moet die **Finansiële Ondernemingsvorm** voltooi en onderteken voordat 'n leerder tot die skool toegelaat word.
- Ouers bly **regtens verantwoordelik** vir die betaling van skoolgeld.

### Getroue betaling van skoolgeld verseker:

- Gehalte onderwys
- Gesonde dissipline
- Genoeg en gekwalifiseerde personeel in elke klas
- **Skool- en nasorgfooie** is betaalbaar **aan die begin van elke maand** en nie aan die einde van die maand nie.

- Ouers met 'n **swak betalingsgeskiedenis** by vorige skole of by Swartland Pre-Primêre Skool sal **nie vir toelating oorweeg word nie.**

---

## 3. Reg van Toelating

- Alle leerders moet die **Skool se Gedragskode** nakom.
- Die **reg van toelating bly voorbehou**.
- Indien 'n leerder, ondanks herhaalde ondersteuning en aanmoediging, nie aan die gedragsvereistes voldoen nie, behou die skool die reg om die nodige stappe te neem.

---

## 4. Godsdiens

- Opvoeding by die skool is gebaseer op **hoë Christelike en morele waardes** met respek vir alle kulture.
- Geen leerder sal onder enige omstandighede **gediskrimineer word op grond van godsdiens of kultuur** nie.

---

## 5. Onderrigtaal

- Swartland Pre-Primêre Skool is 'n **dubbelmedium skool.**
- Onderrig geskied in **Afrikaans en Engels.**

---

## 6. Gesondheid en Ontwikkeling

- Alle leerders moet die **staat se vereiste immunisasies** ontvang het.
- Leerders wat die **Pre-Graad R-klas (3–5 jaar)** betree, moet:
  - die toilet **onafhanklik kan gebruik,** en
  - hul **behoeftes aan die onderwyser(es) kan kommunikeer.**

---

## 7. ONDERRIG BEHOEFTES

- Personeel beplan en bied lesse aan om verskillende leerbehoeftes te akkommodeer.
- Swartland Pre-Primêre Skool is egter **nie 'n spesiale-behoefteskool nie.**

---

## 8. Toelatingsprosedures

- Ouers sal **aan die begin van die derde kwartaal** in kennis gestel word of hul kind toelating tot die skool ontvang het.
- Indien 'n leerder aanvaar word, moet 'n **deposito betaal word voor einde November**.
- Hierdie deposito vorm **deel van Januarie se skoolfonds**.
- Die deposito moet **betaal word voordat die leerder formeel tot die skool toegelaat word**.

**Waglys**

- Indien die maksimum aantal leerders per klas bereik word, sal 'n **waglys** saamgestel word.

---

## 9. Voorkeur vir Toelating

Indien die aantal aansoeke die beskikbare plekke oorskry, sal voorkeur gegee word aan leerders wat:

1. Kwalifiseer vir **Graad R** en die volgende jaar **skoolpligtig** is.
2. **Vrystelling van verpligte skoolplig** vir Graad 1 ontvang het.
3. **Afrikaans en/of Engels** kan praat en verstaan.
4. Binne die **natuurlike voedingsgebied van die skool** woon (binne **3 km** van die skool).
5. **Broers of susters** het wat reeds by die skool ingeskryf was of is.
6. 'n **Goeie betalingsrekord** by die skool of vorige skole het.

---